**Donderdag 24 November**

**Skrifgedeelte: Matteus 6:19-24**
**Fokusgedeelte: Matteus 6:21**

## Is jou skat op die regte plek?

Baie mense dien God nie met ’n onverdeelde hart nie. Te veel wil vir God en vir Mammon, die geldgod, in hulle harte plek maak. Hulle liefde vir God word dus deur gierigheid bedreig. Hulle wil graag aardse skatte bymekaar maak, maar darem ’n paar hemelse skatte ook.

Jesus wys egter op die tydelikheid en die verganklikheid van aardse rykdom en op die ewigheidswaarde van hemelse rykdom. Daarom sê Hy ook: “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees” (vs 21).

Daarom moet ons seker maak ons weet waar ons skat is. Is dit in die wêreld, of is dit in die hemel? Is dit by baie besittings, of is dit by God? Kan dit in rand en sent gemeet word, of is dit onmeetbare geestelike dinge? Jesus gee egter die baie duidelike opdrag: “Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie. Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie” (vs 19, 20).

As jou skat op die aarde is, sal ’n mens dit baie duidelik aan jou lewenswyse kan sien. As dit by God in die hemel is, sal ’n mens dit ook aan jou lewenswyse kan sien. Dit is wat Jesus bedoel as Hy sê: “Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees” (vs 21).

Mag God aan ons die genade gee dat ons skat op die regte plek sal wees, sodat ons hart ook op die regte plek sal wees!

*Sing: Psalm 119:6 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*